TIMOL

Sers. L. G. Kleyn wat die motor voorgekeer het waarin Timol en Mohammed Essop was. Essop word nog ingevolge die Wet op Terrorisme aangehou. Die motor is by 'n padblokkade voorgekeer en die pamflette is in die kattebak gekry.

Die geregtelike ondersoek na die dood van Ahmed Timol, wat op 26 Oktober verlede jaar uit 'n venster op die tiende verdieping by John Vorster-plein geval het, is gister in die Johannesburgse landdroshof hervat.

Timol, 'n Indiër wat 'n onderwyser in Roodepoort was, is ingevolge die Wet op Terrorisme in hegtenis geneem. Hy is saam met ander aangehou. Die meeste van die aangehoudenes is intussen weer vrygelaat.

Die span wat die polisie se saak behartig gister naby John Vorster-plein afgeneem. In die middel is genl. C. A. Buys. Tweede van links is adv. S. A. Cilliers wat in opdrag van die Prokureur-generaal van Transvaal optree.

Hof hoor hoe twee in nag gevang is

Besonderhede oor die wyse waarop Ahmed Timol en Mohammed Essop in Johannesburg in hegtenis geneem is, is gister vir die eerste keer bekend gemaak

Ook Jacobsen se naam is gevind by Timol

(Vervolg van bladsy 1)

„Dit was vir my duidelik uit die dokumente dat Timol

Dit was tydens die hervatting van die geregtelike ondersoek na Timol se dood.

Sers. L. G. Kleyn van Newlands het getuig dat hy en ander polisiemanne die nag van 22 Oktober verlede jaar 'n padblokkade by Coronationville, die Indiër-woonbuurt by Johannesburg, opgestel het.

Motortjie

Omstreeks 11.10 nm. het 'n klein geel motortjie aangekom. Hulle het die motor laat stilhou. In die motor was twee Indiërmans. Later is vasgestel dat hulle Timol en Essop is.

Sers. Klein: „Ek het vir hulle gevra waarheen hulle onderweg was en hulle het geantwoord dat hulle na 'n partytjie in Vrededorp gaan.

„Ek het vir hulle gevra of dit nie baie laat is om na 'n partytjie te gaan nie. Hulle het gesoek ter plaatse by John Vorster-plein waar Timol hom doodgeval het.

Landdros De Villiers het gesê dat die pers die ondersoek kan bywoon.

Polisie

By die polisiehoofkantoor is die hof na die tiende verdieping waar Timol voor sy dood ondervra is. Die pers is egter die gebou belet en die landdros het aan verslaggewers gesê die gebou is die eiendom van die polisie en hy kan niks daaraan doen nie.

Die pers was teenwoordig toe die hof na die boompie gekyk het waarin Timol glo geval het.

Terug in die landdroshof het landdros De Villiers gesê dat hy nie kommentaar kan lewer oor die vertrek waaruit Timol geval het nie. As 'n volledige skets tot die hof se beskikking is, sal hy dit doen.

Dik takke van die boompie waarin Timol geval het, was af. Van die blare is nog van die takke gestroop.

Landdros oor dokumente

BY die aanvang van die geregtelike ondersoek na die dood van Ahmed Timol het landdros J. J. L. de Villiers gister gewys op die Hooggeregshofgeding wat uit die vorige sitting van die ondersoek gespruit het.

Hy het daarop gewys dat daar al op 1 Desember met die nadoodse ondersoek begin is. By die aanvang van die ondersoek het die landdros gesê dat die dokumente nie tot die beskikking van die regsverteenwoordigers van die Timol-gesin gestel moet word nie.

Adv. I. A. Maisels, wat die Timol gesin se regsverteenwoordiger is, het hierteen beswaar gemaak, en die saak is na die Hooggeregshof in Pretoria verwys.

Op 28 Februarie het die Hooggeregshof toe bepaal dat al die partye wat by die Timol-saak betrokke is, wel insae in die dokumente moet hê.